LANDBOUWEEKBLAD
10 Jun 2011, p.12

Joylene van Wyk jvanwyk@landbou.com

Groeiende landbou gaan slim planne verg

Die saad vir 'n nuwe benadering tot die landbou is by 'n onlangse byeenkoms in Kaapstad geplant, maar dit sal nog goed water gegee moet word om die doelwitte te haal.

Mnr. Peter Brabeck-Letmathe

Die doelwitte van die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) se Nuwe Visie vir die Landbou is om met die mag van die landbou voedselsekerheid, 'n volhoubare omgewing en ekonomiese geleenthede te verseker.

Meer as anderhalf jaar se werk is reeds gedoen om die belangrikheid van die landbousektor by regerings tuis te bring sodat voedselsekerheid en waterhulpbronne in Afrika beskerm kan word.

Die landbousektor is die enigste waar al drie die bogenoemde doelwitte gesamentlik bereik kan word. 'n Nuwe visie het nou veral dringender geword, want 'n era word betree waar dié sektor met minder hulpbronne meer kos sal moet produseer.

Die voorneme van die visie is dat produksie elke dekade met 20% moet styg en uitlaatgasse en landelike armoede met 20% verlaag moet word.

Volgens dié visie kan landbou-ontwikkeling, wat die omgewing, maatskaplike kwessies en ekonomie betref, lewensvatbaar wees as dit as ondersteuning op kort termyn benader word, pleks van beleggings in die markte. Beleggers en boere moet 'n wins verwag. Slegs dan sal hulle die aansporing hê om innoverend te wees, beter bestand teen risiko's wees en kapitaal hê om vorentoe te gaan.

Wanneer 'n plaas as 'n besigheid slaag, kan ander bedrywighede in landelike gebiede ontwikkel. Om dit te laat gebeur, moet 'n siklus van vaardighede en belegging in die landbou aangewakker word.

Maar regeringsbeleid is ook van deurslaggewende belang vir belegging in die landbou. Die raamwerk vir regulasies sal konsekwent, deursigtig en op bewyse gebaseer moet wees. Dit sal ook streng standaarde van regeringsbestuur, eiendomsadministrasie en gehalteregulering moet insluit. Dit is verder belangrik dat die beleidsomgewing aansporings bied vir belanghebbendes in die landbou-arena om in dié sektor te belê, terwyl die welstand van Suid-Afrika se burgers en die omgewing beskerm word.

Dit is bekend dat die landbousektor wêreldwyd ongeveer 70% van die beskikbare water gebruik en vir 30% van die kweekhuisgasvrystellings verantwoordelik is. Dié syfers sal styg namate die bevolking groei en meer monde gevoed moet word.

Boonop word die afgelope dekade geken aan swak landboupraktyke, wat gelei het tot die uitputting van grondvrugbaarheid, 'n kleiner spesiediversiteit en minder beskikbare water, waarvan die gehalte ook swakker word.

Klimaatsverandering het ook meegebring dat boere moet aanpas by die veranderende reënvalpatrone en temperatuurskommelings wat opbrengste in baie gebiede tot 20% kan verminder en reeds sukkelende boere 'n finale nekslag toedien.

Daar word reeds voorspel dat die wêreldbevolking die volgende 40 jaar met 'n derde – tot meer as 9 miljard – sal styg, wat verdere uitdagings meebring. Namate mense se inkomste in die opkomende markte styg, raak nuwe toetreders tot die middelklas se vraag na vleis en suiwelprodukte groter. Sommige kenners voorspel dat die jaarlikse vleisproduksie teen 2050 met soveel as 75% – tot 470 miljoen ton – sal moet styg om in die vraag te voorsien. Met waterhulpbronne wat reeds beperk is en dié groter vraag na proteïene, sal dringende planne op die tafel gesit moet word oor hoe om die komende krisis te bestuur.

Water

Suid-Afrika het op die vergadering die vierde land geword wat 'n vennootskap met die waterhulpbronnegroep van die WEF gesluit het om sy waterhulpbronne beter te bestuur.

Daar word verwag dat die vraag na water in Suid-Afrika in die volgende 30 jaar met 52% sal toeneem. Die waterhulpbronnegroep sal onder meer fokus op die bewaring van water, die bestuur van die vraag daarna, die diversifisering van water (soos die hergebruik van die hulpbron) en die ontsouting van seewater.

Dit is bekend dat die landbousektor wêreldwyd ongeveer 70% van die beskikbare water gebruik.

Mnr. Peter Brabeck-Letmathe, voorsitter van Nestlé en die waterhulpbronnegroep van die WEF, het in 'n paneelbespreking daarop gewys dat die bestendige voedselpryse van die afgelope 30 jaar iets van die verlede is. Hy het gesê die mensdom word deur 'n tydperk van wisselvallige voedselpryse en 'n tekort aan water- en energiesekerheid in die gesig gestaar.

Namate die wêreldbevolking van 6,5 miljard tot 9 miljard toeneem, sal daar elke sekonde twee bykomende mense gevoed moet word, terwyl 2 hektaar landbougrond deur verstedeliking en erosie verwoes word.